SOLIDARITEIT
BEROEPSGILDES

Onderwysgilde Lidmaatskap

Graag wil ons van die geleentheid gebruik maak om u uit te nooi om deel te vorm van Solidariteit se Onderwysgilde. Solidariteit wil graag sy fokus dié jaar plaas op onderwysers en om hulle hande sterk te maak. Ons besef dat hierdie beroep unieke verwagtinge en verpligtinge het en het 'n ontsettende waardering vir elke individu wat deel vorm hiervan.

Ons doel is om hande te vat met die Afrikaanse skole en personeel in ons gemeenskappe om ten doel die voortbestaan van ons puik Afrikaanse skole – en onderwysers te kan verseker. Ons dien as waghond en vóór lyn teen hierdie geveg, om te kan verseker dat daar 'n voorspoedige, veilige en vry toekoms vir ons Afrikaanse kinders is.

Verder is daar ook 'n reeks lidmaatskapvoordele wat spesifiek aan die behoeftes van onderwysers voorsien:

- S.O.S. (Skole Ondersteuning sentrum) Vakvereniging-Lidmaatskap (Toegang tot **addisionele onderrig hulpbronne** onder ander werkkaarte, ATP's, assesserings en addisionele hulpbronne.)
- S-leer toegang **(Onderwysgerigte opleiding** om CPD punte te bekom – 'n wye verskeidenheid opleidingsgeleenthede om jou spesifiek in jou beroep te help. Sommige kursusse is gratis, ander is teen 'n verminderde tarief as 'n solidariteitslid.)
- Bevallingsvoordeel (Bedrag wat uit betaal, sou jy swanger word.)
- Regshulp – (Arbeidsreg en siviele advies – ons assisteer **jou met enige probleme** wat jy moontlik in die werksplek kan ondervind – hiermee saam kan ons jou advies en leiding gee in terme van beleide en prosedures ook)

- Begrafnis voordeel – (Sluit in gades en kinders onder die ouderdom van 21)
- Studievoordeel (**Afslag en rente-vrye studielenings** by enige tersiêre instelling.)
- Studiebefondsing
- **Beroepsgesondheid & veiligheid** (Hiermee saam sal daar geleenthede wees om te kan netwerk en om 'n mentor/ mentee te wees, afhangende van jou behoefte.)
- Permanente mediese ongeskiktheidsvoordele
- Testament
- Loopbaan voordeel (Jy sal aangesluit word by 'n **vakvereniging** van jou keuse waar jy dan ook vakspesifieke ondersteuning kan kry – mits jou vak tans op aanbieding is.)
- Ontspanningsvoordeel (Afslag by geselekteerde vakansieoorde in die land.)
- Advies aan bestuurslede met die **opstel en implementering van beleide.**
- Gedeeltelike bydrae aan die Solidariteit **Boufonds** om te verseker dat wêreldklas opleidingsinstansies ontwikkel kan word – dus opheffing van ons Afrikaanssprekende-kinders.
- **Erkenning** vir jou harde werk en toewyding aan die beroep.

Lidmaatskap beloop R156 per maand en 'n gedeelte van ons ledegelde word aangewend om wêreldklas tersiêre instellings te bou en om belangrike kwessies deur middel van ons regspan, wat ons as Afrikaner gemeenskap raak, te beveg. Ons is intens bewus daarvan dat Covid-19 veral uitdagings bied aan persone in die onderrigsektor wat deur 'n **privaatinstansie of beheerliggaam** aangestel is. Dit is vir ons ontsettend belangrik om seker te maak dat ons hierdie groep lede kan bystaan, sou hulle dit benodig. Let wel dat dit 'n grondwetlike reg is om aan enige vakbond van jou keuse, of aan soveel vakbonde as wat jy wil, te kan behoort. Vir enige verdere vrae, 'n aansoekvorm of die moontlikheid om u skool te besoek, stuur gerus 'n e-pos aan anlia@solidartieit.co.za.

Vir 'n volledige uiteensetting van ons lede voordele asook die terme en voorwaardes kliek gerus op hierdie skakel: https://solidariteit.co.za/voordele/